


Ruit 89

1933 / 1953 vertaling



Af

2	Hor	Numeri 20:25, 28	By hierdie berg het Aäron gesterf
3	Inneem	2 Samuel 12:28	Joab wou dat Dawid eerder dit met Rabba doen as hyself.
5	Palm	Rigters 4:5	Debora het onder hierdie boom, tussen Rama en Bet-el, gesit.
6	Nebo	Deuteronomium 34:1	Van hierdie berg af het Moses die Beloofte land gesien voor hy gesterf het
7	Opdra	Ester 4:8	Taak van Ester om na die koning te gaan om hom genade te vra en by hom 'n voorspraak te wees vir haar volk.
8	Geboortedag	Prediker 7:1	Die wyse dink dat hierdie dag slegter is as die sterfdag
9	Narsing	Hooglied 2:1	Die bruid sien haarsel as hierdie blom van Saron
10	Goferhout	Genesis 6:14	Die ark is van hierdie materiaal gemaak.
12	Abraham	Hebreërs 7:9, 10	Hy het 'n tiende van sy besittings aan die koning van

			Salem gegee
13	Komyn	Jesaja 28:27	Jesaja sê dat hierdie kruie nie met 'n slee gedors word nie
14	Abisag	1 Konings 1:3	Hierdie mooi meisie het Dawid verpleeg toe hy al oud was.
17	Muil	2 Samuel 13:29	Die koningsseuns het elkeen op hierdie dier gespring en weggery toe Absalom Amnon vermoor het.
18	Sprinkaanvoel	Levitikus 11:19	Hierdie voël mag nie geëet word nie
20	Abimeleg	Genesis 20:2	Hierdie koning van Gerar het Sara laat haal nadat Abraham gesê het sy is sy suster.
22	Joas	Rigters 6:11	Die Engel van die Here het onder sy terpentynboom gaan sit.
26	Tera	Genesis 11:26	Abram se vader
27	Nyl	Eksodus 4:9	Moses moes water uit hierdie rivier van en op die grond gooi dat dit in bloed kon verander
30	Berseba	Genesis 21: 31	Die naam van die put wat gegrawe is as teken van die verbond tussen Abraham en Abimelek
32	Agis	1 Samuel 21:14	Dawid het vir Saul gevlug en by hierdie koning van Gat gemaak of hy kranksinnig is.
33	Hael	Openbaring 11:19	'n gevolg van die oopgaan van die tempel toe die verbondsark gesien is
34	Dans	2 Samuel 6:16	Migal verag Dawid as hy dit doen
35	Smid	Genesis 4:22	Tubal-Kain se beroep
37	Miga	Rigters 17:1, 2	In die rigtertyd het sy moeder 'n vloek oor 1100 sikkels silwer uitgespreek
38	Paddas	Openbaring 16:13	Toe die sesde bak op die Eufraat uitgegooi is lyk die drie bose geeste soos hierdie reptiele.
40	Leeu	Rigters 14:5, 6	Simson skeur hierdie dier kaalhand uitmekaar asof dit 'n bokkie is.
44	Lam	Openbaring 13:11	Die dier uit die see het twee horing soos hierdie dier.
45	Stormweer	Matteus 16: 3	Weervoorspelling as die lug donkerrooi is.
46	Henog	Genesis 4:17	Kain se eersgeborene
47	Matrose	Handelinge 27:30, 31	Paulus sê aan die kaptein dat as hierdie werkers vlug, die soldate nie gered sal word nie (gee die "rose" vir iemand spesiaal)
49	Afgeskil	Joël 1:7	Iets wat die vyand van die wingerd van die Here gedoen het.
50	Steenuil	Levitikus 11:17	'n Oneetbare voël.
53	Mara	Rut 1:20	Naomi het hierdie naam verkies na al haar hartseer.
57	Erg	Nehemia 13:8	Só ontstemd was Nehemia dat hy al die huisraad van Tobía uit die kamer buitentoe gegooi het,
58	Elihu	Job 32:2	Hierdie man het vir Job kwaad geword omdat hy homself as regverdig voor God gesien het
59	Ooi	Levitikus 4:32	Sy mag as sondoffer gebring word
60	Pniel	Genesis 32:30	Hierdie plek het sy naam gekry omdat Jakob God van aangesig tot aangesig gesien het
61	Isak	Genesis 17:19	Sara se seun
64	Nes	Numeri 24:21	Toe hy die Keniete sien, het hy sy spreuk aangehef en gesê: Jou woonplek is vas, en dit is gebou op die rots.
65	Wei	Johannes 21:17	Petrus, dien dit met My skape.

Dwars

1	Gehasi	2 Konings 4:12	Elisa laat hom die Sunamitiese vrou roep
4	Ope	Nehemia 6:5	Sanbállat stuur vir die vyfde keer sy dienaar met hierdie

			brief in sy hand.
11	Bedsprei	2 Konings 8:15	BanHadad is hiermee versmoor.
12	Aja	Genesis 36:24	Sy broer Ana het warm fonteine in die woestyn gekry
13	Kraanvoel	Jesaja 38:14	In sy lied sing Hiskia dat hy soos hierdie voël gepiep het in sy siekte.
15	Res	2 Konings 25:11	“Deel” van die volk wat in die stad oorgebly het, en die oorlopers wat na die koning van Babel oorgeloop het is in ballingskap weggevoer.
16	Isebel	1 Konings 16:31	Vrou van Agab
18	Sadok	1 Konings 1:39	Hy het Salomo as koning gesalf
19	Poue	1 Konings 10:22	Een maal in drie jaar het die Tarsis-skepe ingekom, en hierdie voëls was deel van die frag.
21	Hananja	Daniël 1:7	Sadrag se Hebreëuse naam
23	Tob	Rigters 11:3	Hier het ligsinnige mans by Jefta aangesluit
24	Og	Numeri 21:33	Koning van Basan
25	Tortelduif	Genesis 15:9	Een van die voëls wat Abraham moes bring vir die offer toe die Here met hom 'n verbond gesluit het.
28	Edom	Genesis 25:30	Esau het hierdie naam gekry omdat hy van die rooigoed wou sluk.
29	Jabes	1 Samuel 11:1, 2	Nahas wou die inwoners van hierdie stad se regteroog uitsteek voordat hy 'n verbond met hulle sluit
31	Lea	Genesis 29:23	Eerste vrou van Jakob
33	Hadassa	Ester 2:7	Ester
36	Gal	Matteus 27:34	Bestanddeel van die mengsel wat aan Jesus gegee is
37	Mirre	Markus 15:23	Die wyn waarvan Jesus moes drink was gemeng met hierdie middel
39	Goa	Jeremia 31:39	As die stad van die Here herbou word, meet vanaf Gareb na hierdie plek.
41	Vasti	Ester 1:19	Koningin wat onttroon is
42	Eentiende	Levitikus 14:21	Die arme moet hierdie deel van 'n efa meel meng met olie as deel van die spysoffer.
43	Gosen	Genesis 45:10	Josef het hierdie landstreek vir Jakob en sy seuns as woonplek aangebied.
48	Ulai	Daniël 8:2	By hierdie rivier het Daniël 'n skaapram gesien
49	Akasia	Jesaja 41:19	Jesaja sê dat die Here in sy genade hierdie boom in die woestyn sal laat groei
51	Alexander	Markus 15:21	Sy pa het Jesus se kruis gedra
52	Sion	Matteus 21:5	Matteus sê dat aan haar dogter gesê moet word dat Jesus die stad op 'n donkie vul sal binnery.
54	Haas	Levitikus 11:6	Hierdie dier herkou, maar het nie gesplete kloue nie, en is daarom onrein.
55	Hen	Lukas 13:34	Jesus het probeer om soos hierdie voël die inwoners van Jerusalem bymekaar te maak.
56	Ebedmeleg	Jeremia 38:7	Hy het gehoor dat Jeremia in die put gegooi is en het die koning daarvoor gaan spreek.
59	Orpa	Rut 1:14	Skoondogter van Naomi
61	Isai	1 Samuel 16:1	Sy seun was die tweede koning van Israel wat Samuel moes gaan salf
62	Muggie	Matteus 23:24	Jesus sê dat die Fariseërs hierdie insek uitsif, maar die kameel insluk.
63	Dionisius	Handelinge 17:34	Hy het tot bekering gekom na Paulus se toespraak op die

			Areopagus
66	El	Genesis 6:15	Afstand waarmee die ark gemeet is
67	Vlas	Spreuke 31:13	Die deugsame vrou sorg ook vir hierdie materiaal
68	Muise	1 Samuel 6:4	Die Filistyne het hierdie diertjies afgebeeld en saam met die ark teruggestuur na Israel.
69	Kraai	Genesis 8:7	Hierdie voël het gedurig rondgevlieg totdat al die waters opgedroog het.